Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

JAARBOEKINLIGTING 2023

BEd in Grondslagfase-onderrig (SAKO-nr. 86167)

Die Grondslagfase strek van graad 0 tot graad 3. Hier word daar gebou aan die kind se etiese, sosiale en fundamentele grondslag as onderwyser. Om in hierdie fase te onderrig, moet jy 'n liefde hê om met jong kinders te werk en dit geniet om deur middel van 'n praktiese aanslag te onderrig. Die onderwyser moet selfs in hierdie fase 'n kenner wees in die taal-, syfer- en lewensvaardighede-leefareas. Geduld, kreatiwiteit en empatie is tipiese kenmerke van 'n Grondslagfase-onderwyser.

Koste per jaar

- Aansoekfooi: R250
- Registrasie: R3 500 (eerste deposito betaalbaar in Januarie 2023).
- Klasgeld: R 46 910 (eerste deposito ingesluit).
- Handboeke: ongeveer R7 000.

1. Kwalifikasie-inligting

- Minimumvoorvereiste: Nasionale Senior Sertifikaat met diplomatoelating
- NKR-vlak: 7
- Minimum tydperk: 4 jaar
- Aros-toelatingspunt: 600
- Toelating waglys: 600

2. Metode van aanbieding

Die modus van aanbieding is afstandsonderrig, met addisionele ondersteuning aan studente deur middel van direkte kontaksessies en/of interaktiewe aanlyn sessies, werkswinkels of ekstra klasse.

3. Koste per jaar

- Aansoekfooi: R250.00
- Registrasie: R3 500.00 (eerste deposito betaalbaar in Januarie 2023)
- Klasgeld: R44 380.00
- Handboekkoste (ongeveer): R7 000.00

4. Beskikbare kurrikulums

O202P

Spesifieke voorvereistes

Afrikaans Huistaal 50%
Engels Eerste Addisionele Taal 50%

5. Vereistes vir studente met 'n Senior Sertifikaat (voor 2008)

- Universiteitstoelating
- Indien die student nie universiteitstoelating ontvang het nie, is 'n taal op HG 'n vereiste en nie minder as vier E's op HG of SG (nie LG nie) nie. Aros doen aansoek vir die student by USAf vir voorwaardelike toelating tot graadstudie.

6. Onderwyspraktyk

Onderwyspraktyk is die praktiese gedeelte van die kwalifikasie waartydens studente gedurende 'n vasgestelde periode prakties in skole in die Republiek van Suid-Afrika verrig. Die student word deur Aros-personeel by die skool gemonitor en geassesseer soos wat die infrastruktuur van die betrokke Departement dit toelaat. Aros het 'n lys van goedgekeurde skole wat aan die vereistes vir praktiese onderwys, volgens die riglyne van die regulatoriese liggame, voldoen. Studente mag skole voorstel wat nie op die lys is nie. Aros sal dan bepaal of die skole aan die riglyne van die regulatoriese liggame voldoen. Studente word in samewerking met Aros vir die praktieseonderwys-periode by 'n skool geplaas.

Volgens die vereistes van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding word daar aanbeveel dat studente gedurende hul opleiding van vier jaar praktiese ondervinding by 'n verskeidenheid skole opdoen.

PRAK431 begin reeds met die aanvang van die eerste skoolkwartaal. Vierdejaarstudente wat PRAK431 moet neem, moet kennis neem dat hulle amptelik geregistreer moet wees alvorens hulle met Onderwyspraktyk 4 in die skool mag begin. Vir hierdie rede vind die amptelike registrasie van vierdejaars normaalweg plaas in die week voor die eerste skoolkwartaal in aanvang neem.

Die volgende sertifikate is 'n vereiste vir die suksesvolle verwerwing van die volgende praktiese modules: PRAK231, PRAK331 en PRAK431. Studente sal bewys moet lewer van hierdie sertifikate alvorens die module geslaag kan word.

PRAK121

Geen

PRAK231

'n Keuse tussen EEN van die volgende:

- 'n afrigtingsertifikaat (van 'n amptelike provinsiale liggaam) in 'n skoolsport; en
- 'n kulturele aktiwiteit (koor- of sangafrigting, drama of ander relevante opleiding in die aanbieding van kulturele skoolaktiwiteite)

PRAK331

'n Keuse tussen EEN van die volgende:

- 'n tweede afrigtingsertifikaat (van 'n amptelike liggaam op provinsiale vlak) in 'n skoolsport; en
- 'n kulturele aktiwiteit (koor- of sangafrigting, drama of ander relevante opleiding in die aanbieding van kulturele skoolaktiwiteite)

PRAK431

Noodhulpsertifikaat (vlak 1)

7. Kwalifikasie met onderskeiding

'n Student wat 'n gemiddeld van 75% oor al die kredietdraende modules van die kurrikulum behaal het, behaal die kwalifikasie met onderskeiding.

'n Student wat vanaf ‘n ander tersiêre instelling na Aros oorgeskakel het, moet ten minste 50% van hierdie program geslaag het, insluitende RELS111, BYBK121, BYBK211, BYBK221, BYBK311, BYBK321 en BYBK411 of WBSL111, OTOB121, OTOB211, NTOB221 en NTOB311. Om die kwalifikasie met onderskeiding (cum laude) te behaal, moes die student ‘n gemiddeld van 75% oor al die kern- en elektiewe modules van jaarvlak 2, 3 en 4 behaal het.

8. Vereistes vir Engels as taal van onderrig en leer

70% of meer vir [ENGL221 + ONAT321] / 2

9. Bepalings met betrekking tot voorwaardelike toelating

Kandidate wat in besit is van 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en nie oor universiteitstoelating beskik nie, word outomaties vir twee brugmodules geregistreer. Die brugmodules is KRIT (Kritiese Denke en Probleemoplossing) en LEER (Leer- en Lewensstrategieë) en word in die eerste semester van die eerste jaar saam met die BEd-kurrikulum gevolg.

- Indien 'n student wat die brugmodules neem, een of beide van hierdie modules nie in die eerste semester van die eerste jaar slaag nie, is daar 'n finale geleentheid daartoe gedurende die eerste semester van die tweede jaar. Sou 'n student enige van die brugmodules daarna steeds nie slaag nie, sal die student se studies getermineer word aangesien dit die voorwaarde vir toelating was.
- Aros doen by Universities SA (USAf) aansoek vir voorwaardelike toelating vir studente wat nie oor universiteitstoelating beskik nie. Hierdie aansoek word in April ingedien nadat die student vir die eerste jaar geregistreer is.
- Sodra studente die volle eerste studiejaar suksesvol voltooi het, insluitend die twee brugmodules, word daar by USAf aansoek gedoen vir universiteitstoelating.
- Studente is verantwoordelik vir die aansoekkostes by USAf wat teen die student se rekening gehef sal word. Hierdie kostes is 'n eenmalige koste tensy die vereistes nie binne die gestelde spertydperk nagekom is nie.
- **Neem kennis dat USAf nie dokumente (identiteitsdokumente en matrieksertifikate) aanvaar wat deur die SAPD of die Poskantoor gesertifiseer is nie. Studente moet asseblief kennis neem dat beëdiging van die dokumente vir USAf-doeleindes by 'n notaris gedoen moet word, anders word dit nie deur USAf aanvaar nie. 'n Notaris is 'n prokureur wat 'n verdere eksamen gesryf het en 'n aanvullende kwalifikasie verwerf het. Neem kennis dat sertifisering gratis is. Indien Aros dus nie nou korrekte gesertifiseerde dokumente vir USAf-doeleindes ontvang het nie, sal Akademiese Administrasie u volgende jaar kontak wanneer daar by USAf aansoek gedoen moet word.**

'n Student se studie kan na vier formele waarskuwings getermineer word indien die student 36 en meer krediete per semester nie slaag nie.

10. Kurrikulums en voorvereistes

O202P

Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr
Semester	**1**							**Semester**	**2**						
Jaar 1		**Jaar 2**		**Jaar 3**		**Jaar 4**		**Jaar 1**		**Jaar 2**		**Jaar 3**		**Jaar 4**	
Fundamnt															
AFRI111	12							AFRL111	1	ENGL221	12				
AFRL111	0							AKAG133	5	SEPE222	6				
AKAG133	5							ENGR121	1						
ENGR121	0														
INRV111	6														
Kern															
DIDA111	12	ASSE211	12	LOND313	12	FILO413	12	ONBS121	12	NTOB221	6	KURS321	12	FILO421	12
OWRR111	12	OPVS211	12	NTOB311	6	INAV411	12	OPVS121	12	OPVS221	12	ONSA321	6	LOND421	12
WBSL111	6	OTOB211	6			LOND411	12	OTOB121	6						
Elektief															
ONHT111	12	ONHT212	12	EWIS311	12	ONLV411	12	ONRI121	12	ONLV222	6	ONAT322	12	ONLV421	6
		ONWS211	12	ONHT311	12	PRAK431	12	ONWS121	12	ONLV223	6	ONHT321	6	PRAK431	24
		PRAK231	12	PRAK331	12			PRAK121	12	PRAK231	12	ONLV321	6	ROBO421	6
												ONWS321	12		
												PRAK331	12		
Brug															
KRIT111	0														
LEER113	0														
Tot: 504	**65**		**66**		**54**		**60**		**73**		**60**		**66**		**60**

O200P (Eindig 2024)

Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr
Semester	**1**							**Semester**	**2**						
Jaar 1		**Jaar 2**		**Jaar 3**		**Jaar 4**		**Jaar 1**		**Jaar 2**		**Jaar 3**		**Jaar 4**	
Fundamnt															
AFRL111	0							AFRI121	12	ENGL221	12	SEPE321	12		
ENGR121	0							AFRL111	1						
INRV111	6							ENGR121	1						
Kern															
DIDA111	12	ASSE211	12	BYBK311	6	BYBK411	6	BYBK121	6	BYBK221	6	BYBK321	6	FILO421	12
EWIS111	12	BYBK211	6	LOND311	12	LOND411	12	ONBS121	12	OPVS221	12	FILO321	12	LOND421	12
ONSA111	12	OPVS211	12	SPED311	12	NAVT411	12	OPVS121	12			KURS321	12	NAVP421	12
RELS111	6														
Elektief															
ONHT111	12	ONWS211	12	ONLV311	12	ONLV411	12	ONWS121	12	ONLV222	6	ONAT321	12	PRAK431	24
		PRAK231	12	ONWS311	12	PRAK431	12	PRAK121	12	ONLV223	6	PRAK331	12		
				PRAK331	12					PRAK231	12				
Brug															
KRIT111	0														
LEER113	0														
Tot: 510	**60**		**54**		**66**		**54**		**68**		**54**		**66**		**60**

O201P (Eindig 2024)

Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr	Module	Kr
Semester	**1**							**Semester**	**2**						
Jaar 1		**Jaar 2**		**Jaar 3**		**Jaar 4**		**Jaar 1**		**Jaar 2**		**Jaar 3**		**Jaar 4**	
Fundamnt															
AFRL111	0							AFRI121	12			ENGL221	12		
ENGR121	0							AFRL111	1						
INRV111	6							ENGR121	1						
Kern															
DIDA111	12	BYBK211	6	ASSE211	12	BYBK311	6	BYBK121	6	BYBK221	6			BYBK321	6
ONSA111	12	EWIS111	12	SPED311	12	LOND311	12	ONBS121	12	OPVS221	12			FILO321	12
RELS111	6	OPVS211	12					OPVS121	12					KURS321	12
Elektief															
		ONHT111	12	ONWS211	12	ONWS311	12			ONWS121	12	ONLV222	6	PRAK231	12
						PRAK231	12			PRAK121	12	ONLV223	6		
Brug															
KRIT111	0														
LEER113	0														
Tot: 510	**36**		**42**		**36**		**42**		**44**		**42**		**24**		**42**

Modules en voorvereistes

Kode	Module	NKR	Kr	Voorvereiste 40%	Geslaag	Geregistreer of geslaag
AFRI111	Afrikaans	5	12			
AFRI121	Afrikaans	5	12			
AFRL111	Afrikaans Lees	5	1			
AKAG112	Akademiese Geletterdheid	5	4			
AKAG133	Akademiese Geletterdheid	5	10			
ASSE211	Assessering	6	12			
BYBK121	Bybelkunde 1	5	6			
BYBK211	Bybelkunde 2A	6	6			
BYBK221	Bybelkunde 2B	6	6			
BYBK311	Bybelkunde 3A	6	6			
BYBK321	Bybelkunde 3B	6	6			
BYBK411	Bybelkunde 4	7	6			
DIDA111	Didaktiek	5	12			
ENGL221	English	6	12			
ENGR121	English Reading	5	1			
EWIS111	Elementêre Wiskunde	5	12			
EWIS311	Elementêre Wiskunde	5	12			
FILO321	Filosofie van die Opvoedkunde 3	7	12			
FILO413	Filosofie van die Opvoedkunde	7	12			
FILO421	Filosofie van die Opvoedkunde 4	7	12			
INAV411	Inleiding tot Navorsing	7	12			
INRV111	Inleiding tot Rekenaarvaardighede	5	6			
KRIT111	Kritiese Denke en Probleemoplossing	5	0			
KURS321	Kurrikulumstudies	6	12			
LEER113	Leer- en Lewenstrategieë	5	0			
LOND311	Leerondersteuning 3	7	12	OPVS121, OPVS211		
LOND313	Leerondersteuning 3	6	12	OPVS121, OPVS211, OPVS221		
LOND411	Leerondersteuning 4A	7	12	LOND311		
LOND421	Leerondersteuning 4B	7	12	LOND411		
NAVP421	Navorsingsprojek	7	12	NAVT411		
NAVT411	Navorsingsteorie	7	12			
NTOB221	Onderrig in Bybelkunde: Nuwe Testament	6	6			
NTOB311	Onderrig in Bybelkunde: Nuwe Testament	6	6			
ONAT321	Teaching an Additional Language	7	12	ONHT111, ,		
ONAT322	Additional Language Teaching	6	12	ONHT111, ONHT212, ONHT311		
ONBS121	Klaskamerbestuur	5	12			
ONHT111	Onderrig van Huistaal 1	5	12			
ONHT211	Onderrig van Huistaal 2A	6	12			

Kode	Module	NKR	Kr	Voorvereiste 40%	Geslaag	Geregistreer of geslaag
ONHT212	Onderrig van Huistaal 2	6	12			
ONHT221	Onderrig van Huistaal 2B	6	12			
ONHT311	Onderrig van Huistaal 3A	7	12			
ONHT321	Onderrig van Huistaal 3B	7	6			
ONLV222	Onderrig van Lewensvaardighede: Visuele Kuns	6	6			
ONLV223	Onderrig van Lewensvaardighede: Uitvoerende Kuns	6	6			
ONLV311	Onderrig van Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn en Liggaamlike Opvoeding, Gesondheid en Veiligheid	6	12			
ONLV321	Onderrig van Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding	6	6			
ONLV411	Onderrig van Lewensvaardighede: Aanvangskennis	7	12			
ONLV421	Onderrig van Lewensvaardighede 4	6	6			
ONRI121	Onderrig in Graad R	5	12			
ONSA111	Onderwys in Suid-Afrika	5	12			
ONSA321	Onderwys in Suid-Afrika	6	6			
ONWS121	Onderrig van Wiskunde 1	5	12			
ONWS211	Onderrig van Wiskunde 2	6	12			
ONWS311	Onderrig van Wiskunde 3A	7	12			
ONWS321	Onderrig van Wiskunde 3B	7	12			
OPVS121	Opvoedkundige Sielkunde 1	6	12			
OPVS211	Opvoedkundige Sielkunde 2A	6	12	OPVS121		
OPVS221	Opvoedkundige Sielkunde 2B	6	12	OPVS121, OPVS211		
OTOB121	Onderrig in Bybelkunde: Ou Testament	6	6			
OTOB211	Onderrig in Bybelkunde: Ou Testament	6	6			
OWRR111	Onderwysreg	5	12			
PRAK121	Onderwyspraktyk 1	5	12			
PRAK231	Onderwyspraktyk 2	6	24		PRAK121	PRAK121
PRAK331	Onderwyspraktyk 3	6	24		PRAK231	PRAK231
PRAK431	Onderwyspraktyk 4	7	36		PRAK331	PRAK331
RELS111	Religiestudies	5	6			
ROBO421	Robotika en Kodering	6	6			
SEPE222	Sepedi-kommunikasievlak	5	6			
SEPE321	Sepedi-kommunikasievlak	5	12			
SPED311	Sosiopedagogiek	6	12			
WBSL111	Wêreldbeskouingsleer 1A	5	6			

Module-uitkomste

AFRI111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Afrikaans

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor kennis beskik van die geskiedenis en ontstaan van die Afrikaanse taal;
- vaardighede kan herken, benoem en demonstreer in die onderskeie dissiplines van die Afrikaanse taalkunde;
- toegerus wees om die verskillende vlakke van taalanalise te verduidelik, te onderskei en toe te pas met betrekking tot die teikentaal; en
- die aspekte van Afrikaanse literatuur kan ontgin en analiseer.

AFRI121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Afrikaans

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor kennis beskik van die geskiedenis en ontstaan van die Afrikaanse taal;
- vaardighede kan herken, benoem en demonstreer in die onderskeie dissiplines van die Afrikaanse taalkunde;
- toegerus wees om die verskillende vlakke van taalanalise te verduidelik, te onderskei en toe te pas met betrekking tot die teikentaal; en
- die aspekte van Afrikaanse literatuur kan ontgin en analiseer.

AFRL111	Jaarkursus	Krediete: 1	NKR-vlak: 5

Afrikaans Lees

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n leesspoed kan behaal van minstens 280 woorde per minuut; en
- ’n leesbegrip kan toon van minstens 70%.

AKAG133	Jaarkursus	Krediete: 10	NKR-vlak: 5

Akademiese Geletterdheid

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- opdraginstruksies kan ontleed vir akademiese werkstukke;
- inligtings kan prosesseer en versamel vanuit akademiese bronne en korrek daarna verwys;
- aspekte waaruit ’n akademiese skryfstuk bestaan, kan herken. benoem en toepas;
- tussen die vorme van tekseenheid kan onderskei en dit kan toepas; en
- akademiese skryfstyl en taalvaardighede kan toepas.

ASSE211	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Assessering

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gestruktureerde proses kan gebruik vir die insameling en interpretasie van inligting ten opsigte van leer op alle vlakke;
- kennis kan demonstreer van ’n verskeidenheid tegnieke, metodes en instrumente vir assessering;
- die belangrikheid van assessering as ’n integrale deel van alle beplanning van onderrig en leer kan verstaan;
- maniere kan bemeester van selfassessering, assessering van die leerder en assessering van onderwysprogramme;
- gedetailleerde en diagnostiese rekords van assessering kan hou; en
- besef dat die waardes en norme, soos in die Bybel vervat, rigtinggewend is wanneer assessering gedoen word.

BYBK121	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 5

Bybelkunde 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die Pentateug tematies kan ontleed en dit in die praktyk kan toepas;
- die Skrif kan ontleed as samehangende geheel met die Pentateug, met toespitsing op die indeling van sonde, verlossing en dankbaarheid; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing verstaan vanuit die Pentateug en dit kan toepas.

BYBK211	Eerste Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Bybelkunde 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis kan demonstreer van die Bybelse geskiedenis in die Ou Testamentiese boeke en verstaan hoe dit verband hou met die openbaring van God, die verhouding tussen God en mens, asook die koninkryk van die beloofde Messias;
- die vermoë kan demonstreer om Gereformeerde interpretatiewe metodes toe te pas op die Ou Testamentiese geskiedenisboeke vir ’n Christusgesentreerde perspektief; en
- die vermoë kan demonstreer om op ’n effektiewe wyse komplekse inligting betroubaar en koherent deur te gee deur van gepaste akademiese konvensies gebruik te maak.

BYBK221	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Bybelkunde 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- feite onthou met betrekking tot die relevante Bybelhoofstukke;
- die wyse verstaan waarop God in hierdie spesifieke deel van die Bybel geopenbaar word; en
- praktiese maniere kan verduidelik waarop mense hul geloof kan uitleef

BYBK311	Eerste Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Bybelkunde 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- feite kan onthou rakende die relevante Bybelhoofstukke;
- die manier kan begryp waarop God in hierdie spesifieke gedeelte van die Bybel geopenbaar word; en
- implikasies van God se Woord kan beskryf in lewenswerklike situasies.

BYBK321	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Bybelkunde 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die uitbreiding van die kerk, soos beskryf in die boek Handelinge, kan ontleed;
- die sendingreise van Paulus kan evalueer; en
- verskeie etiese temas kan bespreek in die boek Handelinge.

BYBK411	Eerste Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 7

Bybelkunde 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- Paulus se briewe tematies kan ontleed en in die praktyk kan toepas;
- die Skrif kan ontleed as samehangende geheel, met toespitsing op die verlossingsleer en die begrip “regverdigmaking”; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing kan verstaan vanuit die briewe van Paulus en dit kan toepas.

DIDA111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Didaktiek

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kernkonsepte en algemene beginsels kan beskryf van opvoeding en leer binne die Christelike wêreldbeskouing;
- die rolspelers kan beskryf in die onderrigstelsel;
- ‘n positiewe leeromgewing kan skep vir die onderrig van leerders binne God se raadsplan;
- geskikte onderrigmetodes kan identifiseer vir 'n verskeidenheid van kontekste;
- geskikte onderrigmedia kan identifiseer vir ‘n verskeidenheid van kontekste;
- “assessering” kan beskryf binne die Suid-Afrikaanse kurrikulum; en
- moontlike oplossings kan identifiseer vir kernuitdagings in die hedendaagse Suid-Afrikaanse onderrigomgewing.

ENGL221	Second semester	Credits: 12	NQF level: 6

English

After completing this module, students should be able to

- construct knowledge of the history of the English language;
- demonstrate an understanding of the structure of the English language;
- understand the three genres of English literature;
- understand the literary terms of a short story;
- understand the themes, motifs, and symbols of a short story; and
- write a critical analysis of a short story.

ENGR121	Year module	Credits: 1	NQF level: 5

English Reading

After completing this module, students should be able to

- maintain a reading speed of at least 250 words per minute; and
- demonstrate reading comprehension of a minimum of 70%.

EWIS111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Elementêre Wiskunde

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die volgende konsepte van elementêre wiskunde kan begryp en toepas deur gebruik te maak van Polya se probleemoplossingsmodel: eweredigheid; datahantering; eksponentwette; oppervlak en omtrek van gekombineerde tweedimensionele vorms; totale buiteoppervlak en volume van gekombineerde vaste liggame; verhoudings (die skryf van verhoudings sowel as die oplos van komplekse verhoudings) en persentasie (hoe om 'n persentasie uit te werk en omgekeerd); asook getalpatrone en rekenkundige reekse (bepaling van die algemene term en die oplos van opeenvolgende vrae);
- oplossings kan formuleer vir elementêre wiskundige probleme deur van Polya se probleemoplossingsmodel gebruik te maak;
- met begrip kan demonstreer dat agtergrondskennis van elementêre wiskunde en denkprosesse aangewend kan word om die student se grondslagbevoegdheid tot aksie te help lei;
- die vermoë kan demonstreer om grondslagbevoegdheid en praktiese bevoegdheid te integreer, wat behels om elementêre wiskundige kennis en begrip met handelinge te koppel, handelinge aan te pas en die redes vir die aanpassing te verduidelik; en
- elementêre wiskunde in Gods-, mens- en omgewingsbeskouing kan interpreteer en deurgaans oor die reformatoriese beskouing ten opsigte van wiskunde kan reflekteer.

EWIS311	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Elementêre Wiskunde

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n duidelike begrip kan demonstreer van wiskundige konsepte, beginsels en reëls om wiskundige probleme akkuraat en korrek op te los;
- gepaste standaardmetodes kan gebruik en ook hul eie metodes identifiseer om probleme op te los deur Polya’s se probleemoplossingsmodel te implementeer;
- probleme kan bekendstel, maniere vind om hierdie probleme op te los en probleme kan interpreteer wat op verskillende maniere gegee word; en
- verantwoordelikheid neem vir eie leer in ’n gestruktureerde leerproses, eie prestasie evalueer, toepaslike aksie neem waar dit sou nodig wees en bewustheid daarvan toon dat wiskunde in die natuur sigbaar is, soos God dit geskep het.

FILO321	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Filosofie van die Opvoedkunde 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n kennisbasis opbou in die Filosofie van die Opvoedkunde op grond waarvan hulle in staat is om vorige kennis wat reeds opgebou is oor die Opvoedkunde te kan integreer binne die Filosofie van die Opvoedkunde;
- begrip toon en oor die vermoë beskik om die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van die Filosofie van die Opvoedkunde te kan toepas;
- oor metodes en werkswyses beskik wat gebruik kan word om die tetiese en antitese-metode te kan toepas in hul beoordeling en evaluering van verskillende opvoedkundige teorieë;
- etiese en professionele praktyk kan toepas op grond waarvan hulle die vermoë demonstreer om besluite te neem en eties en professioneel op te tree; en
- inligting kan skep en kommunikeer wat hulle kan gebruik om hul filosofie, idees en menings te ontwikkel en in die samestelling van ‘n kurrikulum te kommunikeer.

FILO413	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Filosofie van die Opvoedkunde

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n kennisbasis in die Filosofie van die Opvoedkunde beskik wat hulle sal gebruik om vorige kennis te kan integreer wat reeds oor die Opvoedkunde binne die Filosofie van die Opvoedkunde opgebou is;
- begrip toon en oor die vermoë beskik om die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van die Filosofie van die Opvoedkunde toe te pas;
- metodes en werkswyses kan demonstreer wat hulle kan gebruik om die tetiese en antitese-metode toe te pas in hul beoordeling en evaluering van verskillende opvoedkundige teorieë;
- etiese en professionele praktyk kan toepas om sodoende die vermoë te demonstreer om besluite te neem en altyd eties en professioneel op te tree; en
- inligting kan skep en kommunikeer wat hulle sal gebruik om die vermoë te demonstreer om hul filosofieë, idees en menings deur die samestelling van ‘n kurrikulum te ontwikkel en te kommunikeer.

FILO421	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Filosofie van die Opvoedkunde 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die konsep van ’n Christelike filosofie van die Opvoedkunde kan evalueer;
- ’n eie, persoonlike Christelike filosofie van die Opvoedkunde kan formuleer;
- kennis van pedagogiek en onderwys en die toepassing daarvan op hul eie lewensfilosofie kan demonstreer; en
- module-inhoud op Christelike onderrig en in die onderwyspraktyk kan toepas.

INAV411	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Inleiding tot Navorsing

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis dra van basiese navorsingsbegrippe ten einde lewenslange navorsers binne ‘n spesifieke dissipline of onderwerp te word;
- geïntegreerde metodes en werkwyses met betrekking tot die beginsels van opvoedkundige navorsing vanuit ‘n Reformatoriese perspektief kan verstaan, dit krities evalueer en ’n navorsingsopdrag daaroor uitvoer; en
- etiese en professionele oorwegings kan demonstreer deur die volg van ‘n strategiese benadering om ‘n bepaalde navorsingsprobleem aan die hand van stawende bewyse op te los.

INRV111	Eerste Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 5

Inleiding tot Rekenaarvaardighede

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n ingeligte begrip kan demonstreer oor rekenaars en die tegnologiese wêreld en in staat wees om verskeie funksies van ‘n rekenaar te kan gebruik;
- metodes en werkswyses kan toepas om woord- en sigbladverwerking en aanbiedingsprogrammatuur binne die skoolomgewing te kies en toe te pas;
- ingeligte begrip bevat en in staat wees om inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) in die klaskamer te implementeer; en
- die vermoë toon om die korrekte IKT te kies en te gebruik.

KRIT111	Eerste Semester	Krediete: 0	NKR-vlak: 5

Kritiese Denke en Probleemoplossing

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n basiese begrip beskik van wat kritiese denke behels en redes kan aanvoer waarom dit so belangrik is;
- oor ’n basiese begrip beskik van wat ’n Christelike wêreldbeskouing vir ons siening van kritiese denke beteken;
- oor ’n basiese begrip beskik van en ook die vermoë bevat om kritiese denke te gebruik;
- oor ’n basiese begrip beskik van en ook die vermoë bevat om probleemoplossingsmetodes toe te pas; en
- oor die vermoë beskik om alledaagse probleme op te los deur kritiese denke te gebrui

KURS321	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Kurrikulumstudies

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die noodsaak van Kurrikulum as ‘n studieveld kan ontleed;
- die rol van teoretiese begronding en praktiese toepassing van die kurrikulum kan identifiseer;
- die proses van kurrikulumontwikkeling kan interpreteer;
- die evalueringsproses van ‘n kurrikulum kan analiseer;
- die noodsaak van kurrikuluminterpretasie kan evalueer volgens verskillende kontekste;
- die rol van die onderwyser as oordraer van ‘n kurrikulum kan rasionaliseer;
- ‘n bestaande kurrikulum kan aanpas vanuit ’n Christelike perspektief; en
- die verantwoordelikheid van die Christenonderwyser as kurrikulumkundige kan beoordeel.

LEER113	Eerste Semester	Krediete: 0	NKR-vlak: 5

Leer- en Lewenstrategieë

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n ingeligte begrip en kennisgeletterdheid kan demonstreer oor effektiewe doelwitstelling, organisering en tydbestuur;
- inligting kan prosesseer en ‘n metode of werkswyse implementeer ten einde effektiewe notas in ‘n lesinglokaal te neem;
- ‘n kennisbegrip kan toon aangaande Bloom se taksonomie en die gebruik van aksie- en opdragwoorde in assessering;
- ‘n ingeligte begrip kan demonstreer rakende die wyse waarop die mens se geheue funksioneer ten einde effektief te leer; en
- ’n kennisbegrip kan toon aangaande God se skeppingsdoel vir die mens en die wyse waarop hierdie module tot die vervulling van hierdie skeppingsdoel kan bydra.

LOND311	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Leerondersteuning 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om ’n persoonlike raamwerk te vorm om jong leerders met leerbeperkinge te ondersteun deur verskeie leerderhulpteorieë te evalueer;
- kennis hê rondom die volgende: die tipe persone wat betrokke moet wees by leerondersteuning, praktyk, omgewing, houdings en vaardighede wat kan bydra tot die ondersteuning van leerders wat hindernisse ervaar;
- kennis kan demonstreer van die wyse waarop assessering benader moet word en hoe leerders wat hindernisse ervaar se assessering aangepas kan word;
- in staat wees om onderrigpraktyke en onderrigstrategieë te vestig om inklusiewe onderrig te akkommodeer en te differensieer; en
- begrip en kennis toon met betrekking tot die hantering van leerders wat hindernisse ervaar en professionele en etiese gedrag as konsepte kan verstaan in terme van die wyse waarop toegewyde Christenonderwysers moet optree met betrekking tot die behoeftes van die kind en dié se ouers of versorgers.

LOND313	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Leerondersteuning 3

Na voltooiing van hierhie module sal studente

- die vermoë om ’n persoonlike raamwerk te vorm om jong leerders met leerbeperkinge in die klaskamer te ondersteun deur verskeie teorieë van leerderhulp te evalueer en ‘n individuele ondersteuning plan vir die leerder op te stel;
- die identifisering van die kundiges asook die vaardighede waaroor hulle moet beskik, wat betrokke moet wees by leerondersteuning binne die skoolopset;
- toepassing van die manier waarop assessering van leerdesr met leerhindernisse binne die klaskamer aangepas moet word by sy/haar leer behoeftes;
- vestiging van onderrigpraktyke en onderrigstrategieë te om inklusiewe onderrig in die klaskamer te akkommodeer en te differensiee; en
- begrip en kennis toon met betrekking tot die hantering van leerders wat hindernisse ervaar; deur professionele en etiese gedrag as christelike voornemende onderwyser teenoor die leerders te toon.

LOND411	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Leerondersteuning 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- individuele en sosiale struikelblokke tot leer kan identifiseer in ’n inklusiewe klaskamerkonteks;
- strategieë vir onderrig en leer kan verstaan en implementeer om die leerder met individuele en sosiale struikelblokke in die klaskamer te ondersteun;
- die sterkpunte van leerders kan identifiseer en in hul omstandighede die leerder op ’n positiewe wyse deur die loop van die leerproses kan ondersteun;
- die noodsaak van samewerking tussen ouers en ander rolspelers kan verstaan en motiveer deur leerders met leerstruikelblokke te ondersteun; en
- verwerfde kennis oor inklusiewe onderrig kan implementeer en in die proses ook leerders ondersteun wat leerstruikelblokke ervaar deur middel van gedifferensieerde onderrig.

LOND421	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Leerondersteuning 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- leerders kan identifiseer wat spesifieke leerstruikelblokke in ’n Grondslagfaseklaskamer/’n Intermediêre Fase-klaskamer ervaar;
- onderliggende oorsake kan vasstel van leerstruikelblokke deur inligting in te win deur leerders waar te neem wat leerstruikelblokke ervaar, onderhoude met klasonderwysers te voer en diagnostiese assessering te implementeer;
- strategieë en materiaal vir onderrig en leer kan beplan en ontwikkel om as deel van gedifferensieerde onderrig in ’n Grondslagfase-/Intermediêrefase-klaskamer te implementeer. Sluit verskeie steierwerkmetodes in;
- ’n individuele ondersteuningsplan (IOP) kan beplan en ontwikkel vir ’n leerder wat leerstruikelblokke in die Grondslagfase- en die Intermediêre Fase-klaskamer ervaar; en
- ’n gedetailleerde verslag kan saamstel oor die assessering en die ondersteuning van ’n leerder wat leerstruikelblokke ervaar.

NAVP421	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Navorsingsprojek

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennisgeletterdheid kan toepas binne ‘n spesifieke dissipline of onderwerp; en
- geïntegreerde metodes en werkwyses kan toepas om ‘n navorsingsvoorstel en navorsingsprojek uit te voer.

NAVT411	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Navorsingsteorie

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde metodes en werkswyses kan toepas ten einde lewenslange navorsers binne ‘n spesifieke dissipline te word;
- in staat wees om geïntegreerde kennisgeletterdheid met betrekking tot die beginsels van opvoedkundige navorsing vanuit ‘n reformatoriese perspektief te verstaan en dit krities te evalueer; en
- etiese en professionele oorwegings kan demonstreer deur ‘n strategiese benadering te volg om ‘n bepaalde navorsingsprobleem die hoof te bied aan die hand van stawende bewyse.

(Hierdie module is direk verbind aan die navorsingsprojekmodule.)

NTOB221	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderrig in Bybelkunde: Nuwe Testament

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vier Evangelies en Handelinge tematies kan ontleed en dit in die praktyk kan toepas;
- die Skrif as samehangende geheel kan ontleed met toespitsing op die verlossingsleer en die begrip “regverdigmaking”; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing verstaan vanuit die vier Evangelies en Handelinge en dit kan toepas.

NTOB311	Eerste Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderrig in Bybelkunde: Nuwe Testament

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- Paulus se briewe tematies kan ontleed en dit in die praktyk toepas;
- die Skrif as samehangende geheel kan ontleed met toespitsing op die verlossingsleer en die begrip “regverdigmaking”; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing kan verstaan vanuit die briewe van Paulus en dit kan toepas.

ONAT321	Second semester	Credits: 12	NQF level: 7

Teaching an Additional Language

After completing this module, students should be able to

- recap knowledge regarding emergent literacy;
- identify different methods for teaching an additional language;
- analyse concepts of language teaching as presented in the policy document;
- know the learning outcomes and assessment standards for first additional language learning as stipulated in the policy documents;
- organise a multilingual classroom; and
- choose suitable texts for teaching English.

ONAT322	Second semester	Credits: 12	NQF level: 6

Additional Language Teaching

After completing this module, students should be able to

- classify the knowledge regarding emergent literacy in the Foundation Phase;
- analyse the different methods for teaching a first additional language for grades 1-3;
- analyse concepts of language teaching as presented in the policy document;
- combine the learning outcomes and assessment standards for grades 1-3;
- organise a multilingual classroom in the Foundation Phase; and
- choose suitable texts for teaching a first additional language for grades 1-3.

ONBS121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Klaskamerbestuur

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die klaskamer kan analiseer as ’n ruimte waarin God gedien kan word;
- verskeie maniere kan skep om ouers te betrek;
- die belangrikhheid kan motiveer vir dissipline as ’n voorwaarde vir ’n produktiewe klaskameratmosfeer;
- oor kennis beskik van effektiewe administrasie;
- kennis kan demonstreer oor die wyse waarop leerders gemotiveer kan word;
- die belang kan ondersoek van leierskaps- en bestuursvaardighede; en
- oor kennis beskik van diversiteit in die onderwys.

ONHT111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Onderrig van Huistaal 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om oor taalverwerwing en die onderrig en leer van taalvaardighede te besin as deel van die Godgegewe behoefte aan kommunikasie;
- in staat wees om verskillende benaderings van taalonderrig te analiseer;
- so kan beplan dat ontwikkelingstoepaslike metodes tydens die aanbieding van ‘n ontluikende geletterdheidsprogram toegepas word;
- weet hoe om literatuur in die Grondslagfase te gebruik en te onderrig; en
- ‘n informele ontluikende geletterdheidsprogram kan ontwerp en ondersoek.

ONHT212	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Onderrig van Huistaal 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die onderrig kan demonstreer van Luister en Praat in die Grondslagfase;
- benaderings kan vasstel wat tydens leesonderrig in die Grondslagfase-gebruik word;
- metodes kan klassifiseer wat gebruik word om lees in die Grondslagfase te onderrig;
- ’n gebalanseerde leesprogram kan beplan vir die Grondslagfase-klaskamer;
- leesfaktore kan analiseer wat tydens leesonderrig in die Grondslagfase-klaskamer in berekening gebring moet word; en
- ’n program kan beplan vir leerders met leesstruikelblokke sowel as ’n assesseringsprogram vir graad 1-3-leerders.

ONHT311	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Onderrig van Huistaal 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- verskillende elemente aangaande die onderrig van handskrif vir graad 1-3-leerders kan bespreek;
- maniere kan ontwerp om handskrif in die Grondslagfase-klaskamer te onderrig;
- fonologiese bewustheid by graad 1-3-leerders kan ontwikkel;
- bewustheid oor spelling vir leerders in die Grondslagfase kan onderrig;
- taalstruktuur en –gebruik kan onderrig; en
- materiaal vir onderrig en leer kan skep deur tegnologie te gebruik.

ONHT321	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 7

Onderrig van Huistaal 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- skryf in die Grondslagfase-klaskamer kan onderrig;
- tekstipes met skryfaktiwiteite kan integreer in die Grondslagfase-klaskamer; en
- denke en redenering kan onderrig oor die hele kurrikulum.

ONLV222	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderrig van Lewensvaardighede: Visuele Kuns

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kreatiwiteit as konsep kan ondersoek;
- die skep van 'n kreatiewe atmosfeer in die Grondslagfase-klaskamer kan bespreek;
- die beplanning van kunsaktiwiteite in die Grondslagfase-klaskamer kan verduidelik; en
- die artistieke ontwikkeling van die jong kind kan ontleed.

ONLV223	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderrig van Lewensvaardighede: Uitvoerende Kuns

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n kennisbasis beskik met betrekking tot die waarde, omvang en doel van uitvoerende kunste (musiek, dans en drama) in die leerprogram, tesame met fundamentele kennis van musiek (musiekelemente en teoretiese inhoud);
- toepaslike metodes, werkswyses en tegnieke in die onderrig van uitvoerende kunste kan evalueer;
- etiese praktyk kan demonstreer op grond van hul vermoë om verantwoordelikheid te neem vir hul kunstalente vanuit ’n Christelike oogpunt;
- inligting uit verskillende bronne kan analiseer, sintetiseer en evalueer om insig te bekom oor die onderrig van uitvoerende kunste, die ontwikkeling van ‘n musiekomgewing in die leerprogram en musiekkennis op ’n basiese vlak (musiekelemente en teoretiese inhoud);
- die vermoë demonstreer om ingewikkelde inligting tydens die onderrig van uitvoerende kunste aan te bied en dit betroubaar en samehangend by wyse van terugvoer weer te gee;
- eie prestasie kan beplan en evalueer teen gegewe kriteria met betrekking tot musiekelemente, die verskillende musiekaktiwiteite en ’n musiekomgewing binne ’n gestruktureerde leerproses; en
- die vermoë demonstreer om basiese kennis (musiekelemente en teoretiese inhoud), musiekaktiwiteit en ’n musiekomgewing met behulp van hulpbronne ten toon te stel.

ONLV311	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Onderrig van Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn en Liggaamlike Opvoeding, Gesondheid en Veiligheid

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n ouderdomstoepaslike ontwikkeling van persoonlike en sosiale welstand kan motiveer;
- ’n godsdienstige sienswyse kan analiseer met betrekking tot die ontwikkeling van leerders se sosiale strukture;
- die verhouding kan vasstel tussen die ontwikkeling van leerders se persoonlike en sosiale welstand en Aros-waardes;
- aktiwiteite vir Lewensvaardighede kan ontwerp om persoonlike en sosiale welstand in die Grondslagfase te ontwikkel;
- die teoretiese begronding kan verduidelik van Liggaamlike Opvoeding in die Grondslagfase;
- die waarde kan evalueer van Liggaamlike Opvoeding vir die Grondslagfase-leerder;
- die ontwikkeling kan analiseer van groot- en fynmotoriese-vaardighede vir die Grondslagfase-leerder;
- Liggaamlike Opvoedingslesse kan ontwerp vir die Grondslagfase-leerder;
- die aanbieding van spesifieke aktiwiteite in die Grondslagfase kan analiseer;
- grootmotoriese-struikelblokke van kinders kan analiseer;
- die assessering van Liggaamlike Opvoeding in die Grondslagfase kan beskryf en evalueer;
- ’n gesonde dieet op ’n kritiese wyse kan beskryf, wat gegrond is op die belangrikste voedingstowwe en die spysverteringstelsel;
- maniere kan analiseer om gesondheidsorg te bevorder en gesondheidsprobleme te voorkom;
- veiligheid kan analiseer op en rondom die skoolterrein;
- die onderrig van gesondheid en veiligheid kan analiseer in die Grondslagfase; en
- die onderrig van gesondheid en veiligheid kan analiseer in Lewensvaardighede as vak.

ONLV321	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderrig van Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die teoretiese beginsels kan verduidelik van liggaamlike opvoeding in die Grondslagfase;
- die waarde kan evalueer van liggaamlike opvoeding in die Grondslagfase;
- die ontwikkeling van motoriese vaardighede by die Grondslagfaseleerder kan analiseer;
- liggaamlike opvoedingslesse kan beplan vir die Grondslagfaseleerder;
- die aanbieding kan analiseer van spesifieke liggaamlike opvoedingsaktiwiteite in die Grondslagfase;
- grootmotoriese struikelblokke van leerders kan analiseer; en
- die assessering van liggaamlike opvoeding in die Grondslagfase kan beskryf en evalueer.

ONLV411	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Onderrig van Lewensvaardighede: Aanvangskennis

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verskillende onderrigbenaderings met betrekking tot wetenskap en die omgewing kan vergelyk;
- ervarings kan organiseer ten einde die jong kind se kennis van die wêreld tesame met vaardighede en waardes met betrekking tot Natuurwetenskappe, Tegnologie en Sosiale Wetenskappe uit te brei;
- die kernbeginsels met die oog op die effektiewe onderrig van Natuurwetenskappe, Tegnologie en Sosiale Wetenskappe kan analiseer;
- die wetenskaplike metode kan lys, verduidelik en implementeer;
- die tegnologiese ontwerpprosesse kan analiseer, toepas, beplan en verduidelik; en
- lesse kan ontwerp aan die hand van die Nasionale Kurrikulumverklaring (of die dokument waarmee dit vervang gaan word) se vereistes.

ONLV421	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderrig van Lewensvaardighede 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n gesonde dieet krities kan bespreek deur dit op belangrike nutriënte en die spysverteringstelsel te baseer;
- gesondheidsorg en gesondheidsprobleme kan analiseer;
- veiligheid in en rondom die skool kan analiseer;
- die onderrig van gesondheid en veiligheid in die vak Lewensvaardigheid kan motiveer; en
- die onderrig van gesondheid en veiligheid in die Grondslagfase kan analiseer.

ONRI121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Onderrig in Graad R

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die belangrikheid van graad R-onderrig kan motiveer;
- die beginsels kan identifiseer waarop onderrig en leer van graad R-leerders berus;
- die holistiese ontwikkeling van die jong kind in al die ontwikkelingsareas kan beskryf;
- die waarde en plek van spel in die ontwikkeling van die graad R-leerder kan verduidelik;
- ’n ontwikkelingsgeskikte dagprogram kan voorberei vir ’n graad-R-klas;
- ’n geskikte binne- en buitespelomgewing kan beplan vir ’n graad R-klas;
- ontwikkelingsgeskikte leerinhoud kan beplan vir graad R-leerders;
- die aanbieding van kreatiewe lesse en aktiwiteite in die graad R-klas kan demonstreer;
- ‘n klaskamer en aktiwiteite kan beplan waarin alle leerders optimaal kan leer en ontwikkel; en
- die besluit kan regverdig om ’n graad R-leerder wat nie skoolgereed is nie, terug te hou in graad R of na graad 1 te stuur.

ONSA111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Onderwys in Suid-Afrika

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis dra van die huidige onderwyssituasie in Suid-Afrika en hoe hulle daarby moet aanpas;
- kennis dra van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis;
- kennis maak met die NKV en die KABV sowel as die implementering daarvan;
- kennis dra van die beleid, wette en regulasies wat van toepassing is op onderwys in die Suid- Afrikaanse konteks en hoe dit verander het;
- insig demonstreer ten opsigte van die verskillende benaderings tot kurrikulumontwikkeling, die nasionale beleidsdokumente en die vereistes wat deur die nasionale beleid aan opvoeders gestel word;
- oor ’n kennisbasis beskik wat nodig is om inligting te vind in relevante wette soos die Suid-Afrikaanse Skolewet en hierdie kennis kan gebruik wanneer dit sou nodig wees;
- in staat wees om hierdie kennis as kurrikulum in die praktyk toe te pas; en
- besef dat die onderwys ‘n professie is en verstaan watter betekenis die onderwys daaraan heg.

(Hierdie module vorm ’n belangrike deel van die grondslag vir die teoretiese en praktiese inhoud vir die res van die Aros BEd-kwalifikasie.)

ONSA321	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderwys in Suid-Afrika

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedenis en politiek op die aard van die onderwysstelsel en die verskaffing van onderwys te verduidelik;
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedkundige en politieke kragte op die verskaffing van onderwys in die Afrika-klimaat wat bevorderlik is vir onderrig en leer te verduidelik en evalueer;
- probleemoplossing kan gebruik as basis om die invloed van geskiedenis en politiek op onderwys in Suid-Afrika te beskryf, te ontleed en te evalueer;
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die geskiedkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te beskryf en te verduidelik; en
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedenis en politiek ná 1994 op onderwys in Suid-Afrika te verduidelik.

ONWS121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Onderrig van Wiskunde 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om kennis van wiskundige konsepte te demonstreer en ook die vaardighede hê om wiskundige kennis te gebruik;
- in staat wees om die verskillende benaderings tot Wiskunde-onderrig in graad R te verduidelik;
- in staat wees om Wiskunde-onderrig op ’n ontwikkelingstoepaslike wyse te beplan;
- weet hoe om ontluikende Wiskunde te bevorder; en
- weet hoe om ’n liefde vir wiskunde as deel van die skepping te kweek.

ONWS211	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Onderrig van Wiskunde 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis kan demonstreer met betrekking tot die stap-vir-stap-ontwikkeling van getalbegrip by die Grondslagfaseleerder;
- kennisgeletterdheid en metodes kan ontwikkel by benaderings tot optel, aftrek en vermenigvuldiging by die Grondslagfaseleerder;
- gedetailleerde kennis kan ontwikkel met betrekking tot basistienkonsepte en plekwaarde by Grondslagfaseleerders tesame met die toepassing van korrekte onderrigmetodes;
- probleemoplossing kan demonstreer met betrekking tot wiskundige berekeninge; en
- oor ‘n kennisbasis beskik wat hulle kan gebruik om kreatiewe metodes vir die onderrig van Wiskunde te identifiseer en toe te pas.

ONWS311	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Onderrig van Wiskunde 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis kan demonstreer met betrekking tot die ontwikkeling van die Grondslagfaseleerders se kennis van geometriese konsepte, meting en breuke;
- ‘n kennisbasis besit om Grondslagfaseleerders te begelei in hul bemeestering van algebraïese beredenering;
- gedetailleerde kennis beskik met betrekking tot die onderrig van datahanteringsvaardighede sowel as die integrasie hiervan by die Grondslagfaseleerder se ander vakke;
- kennisgeletterdheid besit van moontlike probleme wat die Grondslagfaseleerder kan ondervind met bepaalde wiskundige vaardighede en diensooreenkomstig kan beplan; en
- ‘n kennisbasis besit op grond waarvan hulle kreatiewe metodes vir die beplanning van Wiskundelesse kan identifiseer en toepas.

ONWS321	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 7

Onderrig van Wiskunde 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die wiskundige konsepte sowel as die wiskundige vaardighede wat die graad 1-3-leerder moet kan bemeester rondom patrone, funksies en algebra kan identifiseer en beskryf;
- die wiskundige konsepte sowel as die wiskundige vaardighede wat die graad 1-3-leerder moet kan bemeester rondom meting kan identifiseer en beskryf;
- die wiskundige konsepte sowel as die wiskundige vaardighede wat die graad 1-3-leerder moet kan bemeester rondom geometrie kan verduidelik en beskryf;
- die wiskundige konsepte sowel as die wiskundige vaardighede wat die graad 1-3-leerder moet kan bemeester rondom datahantering kan verduidelik en beskryf; en
- geskikte assesseringsaktiwiteite sowel as remediërende aktiwiteite vir ‘n graad 1-3-leerder kan ontwikkel.

OPVS121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Opvoedkundige Sielkunde 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die filosofiese begronding van onderwys as ’n wetenskap kan verduidelik;
- die terrein van Opvoedkundige Sielkunde in die onderwys kan begryp;
- die belangrikheid van verskillende vertrekpunte ten opsigte van onderrig en leer kan insien en verstaan hoe hierdie vertrekpunte in verskillende filosofieë van onderwys uitgedruk word;
- die Christelike vertrekpunte kan identifiseer; en
- die kennis en vaardighede bemeester het wat nodig is om kinderontwikkeling te verstaan ten opsigte van fisiese, kognitiewe, etiese, sosiale, kreatiewe en emosionele ontwikkeling tydens die kinderjare (geboorte tot 18 jaar).

OPVS211	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Opvoedkundige Sielkunde 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verwerfde kennis in OPVS121 gebruik om verskillende beskouings en teorieë aangaande leer te analiseer;
- kennis dra van die teorieë wat deur leiersfigure in die Opvoedkunde ontwikkel is;
- in staat wees om ‘n positiewe leeromgewing te skep, met inagneming van persoonlike leerstyle van leerders;
- hierdie teorieë kan belyn met Christelike oogpunte en terselfdertyd ook ’n persoonlike filosofie van opvoeding begin ontwikkel;
- in staat wees om die begrippe “intelligensie” en “leerstyle” te begryp en toe te pas;
- bewus wees van die nuutste navorsing oor intelligensie;
- insig hê in die kognitiewe prosesse van die brein, perseptuele ontwikkeling, asook die rol van motivering in leer;
- die belangrikhheid kan begryp van die kind se taalontwikkeling;
- die invloed kan beskryf van kulturele diversiteit en sosio-ekonomiese status op die akademiese vordering en funksionering van leerders; en
- die morele ontwikkeling van die kind kan beskryf en weet dat die Skepper die mens gevorm het om op verskeie wyses te funksioneer en dat die mens daarom uniek is.

OPVS221	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Opvoedkundige Sielkunde 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n geïntegreerde kennisgeletterdheid hê om tussen normale en abnormale gedrag te kan onderskei;
- die kapasiteit ontwikkel en metodes toepas om afwykende gedrag soos AAHS te hanteer en die invloed van sosiale media asook sosio-ekonomiese probleme kan bestudeer;
- ‘n geïntegreerde kennisgeletterdheid hê om gepaste metodes en werkprosesse te ontwikkel om angstigheid en emosionele versteurings in die klaskamer te kan hanteer;
- kennis dra van etiese en professionele praktyk om begrip te kan demonstreer van besluite en optrede se etiese implikasies met betrekking tot kindermishandeling en die effek begryp wat sosiale media en die omgewing op die kind het; en
- ‘n geïntegreerde kennisgeletterdheid beskik om ‘n begrip van outisme en intellektuele leerhindernisse te kan demonstreer en in die proses ook gepaste metodes en werkprosesse vir die klaskamer te kan beplan.

OTOB121	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderrig in Bybelkunde: Ou Testament

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gedetailleerde kennis kan demonstreer van God, die mens, die verhouding tussen God en mens, mens tot mens, die mens teenoor die natuur asook die Messias binne die konteks van die Pentateug;
- die vermoë demonstreer om Gereformeerde verklarende metodes op die Pentateug vir ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- begrip van die Pentateug se etiese implikasies demonstreer.

OTOB211	Eerste Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Onderrig in Bybelkunde: Ou Testament

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gedetailleerde kennis kan toon van die eienskappe van God, die verhouding tussen God en mens, asook die koninkryk van die beloofde Messias binne die konteks van die Ou Testamentiese geskiedenisboeke;
- die vermoë kan demonstreer om Gereformeerde verklarende metodes op die Ou Testamentiese geskiedenisboeke vir ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- die vermoë kan demonstreer om komplekse inligting betroubaar en samehangend met behulp van toepaslike akademiese konvensies te kommunikeer.

OWRR111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Onderwysreg

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die regsomgewing en die grondbeginsels van regstoepassing in die onderwysomgewing kan beskryf en evalueer sodat hulle kennis dra van wat wetlik van alle belangegroepe in die onderwys verwag word;
- oor begrip beskik van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wetnr. 108 van 1996 met betrekking tot onderwysreg in Suid-Afrika;
- oor begrip beskik van die Grondwet se rol ten opsigte van balans met verwysing na menseregte en die skep van ’n vreedsame skoolomgewing wat vir onderrig en leer bevorderlik is;
- oor begrip beskik van die wyse waarop die Suid-Afrikaanse Skolewet, wet 84 van 1996 menseregte reguleer en beskerm ten einde ’n vreedsame skoolklimaat te skep wat vir onderrig en leer bevorderlik is;
- die sorg en veiligheid van leerders kan voorop stel;
- die regte en verpligtinge van ouers, leerders en opvoeders kan begryp; en
- die opvoeder en hul professionele etiek kan definieer en begryp, met verwysing na die Professionele Gedragskode vir Opvoeders deur die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000 te implementeer.

PRAK121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Onderwyspraktyk 1

Ná die voltooiing van hierdie modules sal studente

- onderrig en leer in die Grondslagfase kan verduidelik;
- bewyse van waarneming in die onderrig-en-leeromgewing kan voorsien;
- die nakoming van wette en beleide kan ondersoek;
- die onderrig van opkomende geletterdheid en Wiskunde kan verduidelik;
- voorbeelde van administratiewe strategieë kan versamel; en
- hul eie storieboeke kan ontwerp, skryf en illustreer.

PRAK231	Jaarkursus	Krediete: 24	NKR-vlak: 6

Onderwyspraktyk 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 240 uur praktiese werk voltooi het in die klaskamer en tydens kontaksessies;
- aaneenlopende praktieseonderwys-periodes voltooi het van drie weke elk tydens die tweede en derde kwartaal;
- lesse aangebied het onder die toesig van ’n mentor en akademiese dosente;
- ’n reeks graad R-lesse ontwikkel het, gebaseer op die kennis wat in die kursus verwerf, beplan en aangebied is en waaroor daar ook besin is; en
- kan aantoon hoe Bybelse waardes in die lesse ingesluit word.

PRAK331	Jaarkursus	Krediete: 24	NKR-vlak: 6

Onderwyspraktyk 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- lesse kan skep vir verskillende leerareas;
- verskillende leerprogramme kan skep; in die Grondslagfase;
- geskikte waardes kan identifiseer om by lesse in te sluit;
- leerders kan assesseer;
- die program kan assesseer en verbeter; en
- die weeklikse beplanning kan wys wat relevant is met betrekking tot die onderrigpraktykperiode by ’n skool.

PRAK431	Jaarkursus	Krediete: 36	NKR-vlak: 7

Onderwyspraktyk 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 360 uur praktiese werk in die klaskamer voltooi het in enige jaargroep(e) van die Grondslagfase;
- lesse vir enige klas kan beplan en voorberei in die Grondslagfase;
- 'n drieweekplan kan beplan en aanbied in die Grondslagfase;
- 'n volledige dag kan beplan en aanbied; en
- waarneming van die eerste drie weke in graad 1 voltooi het.

RELS111	Eerste Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 5

Religiestudies

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop die konsep "wêreldbeskouing" binne die studieveld ontwikkel het; en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels kan demonstreer, wat die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe en simboliese tekste ingesluit is, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analise-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag kan ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.

ROBO421	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 6

Robotika en Kodering

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die robotika- en koderingskonsepte wat die Grondslagfaseleerder moet kan bemeester, kan identifiseer en beskryf;
- die robotika- en koderingsvaardighede wat die Grondslagfaseleerder moet kan ontwikkel, kan identifiseer en beskryf;
- programme, hardeware en sagteware rakende robotika en kodering kan identifiseer en analiseer ten einde te bepaal of dit vir die Grondslagfaseklaskamer geskik is;
- op ‘n ontwikkelingsgepaste wyse die onderrig en leer van robotika en kodering in die Grondslagfaseklaskamer kan beplan deur na die korrekte metodes en werkswyses te verwys;
- die KABV kan interpreteer om ouderdomstoepaslike lesse te beplan;
- robotika en kodering met ander vakgebiede kan integreer; en
- geskikte aktiwiteite vir ‘n Grondslagfaseleerder kan ontwikkel om robotika en kodering te assesseer.

SEPE222	Tweede Semester	Krediete: 6	NKR-vlak: 5

Sepedi-kommunikasievlak

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n bewustheid ontwikkel van die multikulturele klaskamer se werklikheid en begrip toon van die aanleer van ’n Afrikataal;
- oor die vermoë beskik om die taalkennis en –vaardighede wat in die module aan die hand van spesifieke temas/onderwerpe aangeleer is sinvol en effektief in die werksomgewing aan te wend; en
- kennis van die woordeskat en basiese grammatika kan demonstreer, spesifiek binne die onderwysomgewing.

SEPE321	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Sepedi-kommunikasievlak

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor die vermoë beskik om kennis van basiese grammatika te bou en toe te pas;
- die belang van kennis en vaardighede van ander inheemse tale kan verduidelik in die veeltalige Suid-Afrikaanse gemeenskap; en
- kennis kan demonstreer (woordeskat en grammatika) met betrekking tot die onderwysomgewing.

SPED311	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 6

Sosiopedagogiek

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verskillende teorieë kan analiseer wat sosiopedagogiek begrond;
- die verskillende kontekste kan interpreteer wat 'n invloed op die ontwikkeling en leer van die kind het;
- die verskillende gesinsmodelle kan verduidelik waarin die kind in Suid-Afrika moontlik kan grootword;
- kan verduidelik hoe 'n gemeenskap geëvalueer word deur die multikulturele aspek in ag te neem;
- die invloed van armoede op die kind kan beoordeel;
- die effek kan analiseer van MIV/vigs op die kind, die gesin en die gemeenskap;
- geweld in skole kan ontleed;
- dwelmmisbruik krities kan bespreek;
- kan onderskei tussen verskillende wyses waarop kinders mishandel kan word; en
- die effek kan analiseer van pornografie op die kind, die gesin en die gemeenskap.

Wêreldbeskouingsleer 1A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop "wêreldbeskouing" as konsep binne die studieveld ontwikkel het en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis kan demonstreer van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels, wat ’n begrip van die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe of simboliese tekste, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analise-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.